DRAMATIESE KUNSTE NOVEMBR 2009

Die Dramatiese Kunste-vraestel is oor die algemeen goed beantwoord en daar was duidelike bewyse van sorgvuldige voorbereiding vir die eksamen.

Veral noemenswaardig was daardie sentrums wat in die beantwoording van vrae oor Epiese Teater, Absurde Teater, *Siener in die Suburbs, Woza Albert!* en *Nothing But the Truth,* uitstekende aandag aan detail gegee het.

Die anrwoorde in Afdeling A was goed geformuleer en daar was bewyse van 'n besondere verbetering in die strukturering en detail in hierdie opstelvrae.

In Afdeling B was daar duidelike bewyse van deeglike voorbereiding en kennis van al die voorgeskrewe werke. Kandidate moet aangemoedig word om die vrae baie deeglik te lees en om redes vir hulle opinies, gebaseer op hulle kennis van die voorgeskrewe werke, te verskaf.

Sommige kandidate het dit moeilik gevind om die vrae in Afdeling C te beantwoord. Meer aandag moet gegee word aan die tegnieke betrokke by die beantwoording van hierdie vrae. Kritiese denkvaardighede, analise en sintese moet geoefen word om kandidate in staat te stel om sodanige vrae met selfvertroue te beantwoord. Kandidate moet blootgestel word aan "Blooms Taxonomy" om hulle in hierdie verband te help.

ALGEMENE OPMERKINGS

Kandidate toon bewyse van begrip van die basiese kennis- en vaardigheids-komponente van die leeruitkomste en assesseringstandaarde. Onderwysers moet egter die begrip van die toepassing van hoë-ordevaardighede fasiliteer en bemiddel.

SPESIFIEKE VRAE

Vraag 1 Epiese Teater

Opstelvrae is goed beantwoord. Onderwysers kan kandidate aanmoedig om na die hoër vlak van kognitiewe kennis te beweeg. Gebruik "Blooms Taxonomy". Verduidelik aan kandidate waarom slegs 40% aan 'n kandidaat toegeken sal word al word al die feite van die beweging gegee, en hoekom sommige kandidate 80% sal kry indien bewys van hoë-ordedenke gelewer word.

Vraag 2 Absurde Teater

2.1:Kandidate moet deurgaans verwys na die opvoerruimte om 'n goed georganiseerde, volledige, logiese, afgeronde opstel te skryf. Sommige het slegs verwys na die temas en dit was opvallend dat hulle nie die vraag met insig gelees het nie.

Vraag 3 Boesman en Lena

Goed beantwoord.

Vraag 4 uNosilimela

Geen kandidate het hierdie vraag beantwoord nie.

Vraag 5 Woza Albert!

Sommige kandidate het nie die townshipteater verstaan nie en 'n negatiewe antwoord daaroor gegee. Die indruk is gekry dat townshipteater as 'n swakker teater met laer status beskou word.

Vraag 6 Sophiatown

Goed beantwoord. Kandidate het insig getoon. Onderwysers moet kandidate aanmoedig om meer spesifiek in hulle antwoorde te wees en om voorbeelde te gee.

Vraag 7 Nothing but the Truth

Goed beantwoord.
7.5. Kritiese denke moet aangemoedig word.

Vraag 8 Groundswell

Kandidate het besondere insig in die toneelstuk en die toepassing van die temas, karakter en intrige in die gemeenskap getoon.

Vraag 9 Siener in die Suburbs

Goed beantwoord. Sommige kandidate het Stanislavski se sisteem voorgestel sonder om dit toe te pas op die spesifieke verset wat in die aanhaling genoem word.

Vraag 10 Mis

Goeie begrip is getoon, maar vrae moet weereens noukeurig gelees word om die
korrekte antwoorde te kan gee. In vraag 10.2.1 en 10.2.2 was die begrip nie duidelik nie.

Vraag 11 Stem

Hierdie vraag is die swakste beantwoord en kandidate moet gehelp word om krities en kreatief te dink. Onderwysers moet Leeruitkoms 4: Reflekteer en
evalueer as riglyn gebruik.

Vraag 12 Fisiese teater

Onderwysers moet aandring op die gebruik van toepaslike dramatiese kunste- terminologie.

Vraag 13 Keusevraag

13.1 Kandidate het die afdeling oor werkswinkelteater goed beantwoord, maar hulle het geen woordeskat wat geskrewe tekste betref gehad nie.
13.2 Baie kandidate het hierdie vraag baie goed beantwoord.
13.3 Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het nie volledige antwoorde gegee nie.